**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I1.13. VOL.100. PG. 4892-4944.

**SAAKNOMMER: CC 482/85** — **DELMAS**

1986-06-03

**DIE STAAT** teen: **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER**

**VOOR:** **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST** EN
**ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL**
**PROF. W.A. JOUBERT**

**NAMENS DIE STAAT:** **ADV. P.B. JACOBS**
**ADV. P. FICK**
**ADV. W. HANEKOM**

100

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** **ADV. A. CHASKALSON**
**ADV. G. BIZOS**
**ADV. K. TIP**
**ADV. Z.M. YACOOB**
**ADV. G.J. MARCUS**

**TOLK:** **MNR. B.S.N. SKOSANA**

**KLAGTE:** **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)**

**PLEIT:** **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG**

---

**KONTRAKTEURS:** **LUBBE OPNAMES**

---

**VOLUME 100**

**(Bladsye 4892 - 4944)**

MNR. HANEKOM : U Edele, die volgende getuie is Johannes Hendrik Vorster. Hy is 'n kaptein in die polisie. Hy gaan ook getuig oor toestande in Tumahole en ook in Thabong by Welkom en Seeisoville.

JOHANNES HENDRIK VORSTER, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U is 'n kaptein die Suid-Afrikaanse ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : My Lord, I may indicate that we will try our best, it is the first thing that we hear about Thabong and Seeisoville and we were told to expect witnesses from Leandra and we have got someone here at break neck speed from Johannesburg to give us instructions about Leandra.

HOF : Waar is Thabong en Seeisoville? Seeisoville is in Kroonstad. Thabong is?

MNR. HANEKOM : Welkom.

HOF : Hoe loop dit so deurmekaar hier?

MNR. HANEKOM : Ek het vir My Geleerde Vriend gesê ek het nog die een getuie oor Tumahole. Toevallig getuig hy ook oor die ander twee gebiede.

HOF : Gaan maar voort.

MNR. HANEKOM : U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is die afdelingsbevelvoerder van die onluste-eenheid gesetel te Welkom? -- Dit is korrek.

Op Sondag, 15 Julie 1984 om 16h00 het u bevel oorgeneem te Parys in die woongebied Tumahole? -- Dit is korrek.

Hoe het u die situasie in Tumahole opgesom op daardie stadium? -- Die toestand was daar baie gespanne. Die paaie was versper met klippe en met verskillende wrakke van voertuie. Daar was ook brandende bande in die strate. Daar was Swartes wat sporadies klippe na polisievoertuie gegooi het en in die optredes teen die Swartes is daar van traanrook, sambokke en

... / rubberkoeëls

rubberkoeëls gebruik gemaak om hulle uiteen te dryf.

Vir hoe lank het hierdie oproer aangehou? -- Die oproer het vir vier dae lank aangehou totdat dit begin bedaar het.

Was daar vir u enigiets opmerkliks in die kleredrag van die mense oor hierdie vier dae? -- Ja. Baie van die jeugdiges en party van die vrouens het COSAS hempies gedra asook UDF hempies. Dit is T-hemde.

Vanaf 1 Augustus 1984 het u diens verrig in Thabong Swartwoongebied by Welkom? -- Dit is korrek.

En op 1 Augustus was u by Teto Hoërskool in Thabong? -- Dit is korrek.

Wat het daar gebeur? -- Met ons aankoms, die onlusteeenheid se aankoms aldaar het ongeveer 'n groep van driehonderd skoolleerlinge vanuit die skoolterrein na buite beweeg. Hulle het buite die skoolterrein gestaan en begin sing en hulle vuiste in die lug gedruk en die woorde Amandla Ngawethu geskreeu. Ek het hulle toe opdrag gegee om uitmekaar uit te gaan, waarop hulle wegbeweeg het. Van die leerlinge het toe na ander skole gegaan waar hulle die skole ontwrig het. By 'n skool Thotagauta het skoliere vanuit die skool ons met klippe bestook. Geen optrede was teen hulle gedoen nie uit vrees dat onskuldige kinders beseer kon raak. Van hierdie leerlinge het toe verder na ander skole beweeg, waar al die skole toe ontwrig is. Padversperrings, soos voertuigwrakke, bushaltehuises, stene asook brandende buitebande was gebruik om die paaie te versper. In die tydperk 1 Augustus 1984 tot 11 September 1984 is twee-en-dertig voertuie òf uitgebrand òf beskadig.

HOF : Dit is in Thabong? -- Dit is in Thabong, asook agt geboue of afgebrand of beskadig.

MNR. HANEKOM : Om net terug te keer tot 1 Augustus toe die

... / moeilikheid

moeilikheid by die skole was, is die skole in die hele gebied gesluit daardie dag? -- Dit is korrek.

Wat het 2 Augustus gebeur, 1984? -- 2 Augustus 1984 omstreeks 12h00 het die onluste op 'n intense manier uitgeslaan. Daar was op daardie stadium groepe van ongeveer vyfhonderd per groep wat privaat voertuie asook polisievoertuie met klippe bestook het. Die toestand het so kritiek geraak dat die polisie van haelgewer gebruik moes maak en 'n Swartman was tydens hierdie optrede noodlottig verwond.

Het u later verneem wie hy was? -- Dit is korrek. Sy naam was Ephraim Loape.

Is Loape se begrafnis in die woongebied gehou op 11 Augustus 1984? -- Dit is korrek.

Het u in besit gekom van 'n begrafnisbrief van die spesifieke begrafnis? -- Dit is korrek.

Ek toon aan u 'n dokument. Dit sal wees AAW(12). Is dit die dokument wat u nou voor u het wat gemerk is AAW(12)? -- Dit is korrek.

Sal u net vir rekorddoeleindes uitlees wie almal volgens die dokument sprekers sou wees by hierdie begrafnis? -- Op bladsy 2 "Funeral Service of the late Ephraim Papiki Loape" 5/8/1965 tot 2/8/1984. "1. 11h00 Opening remarks MC. 2. Sermon: Priest in charge. 3(1). Speech : Congress of South African Students. (2) Freedom song. 4(1). Speech : Speaker Thabong Youth League. (2) Freedom song. 5(1). Speech : Azanians People Organisation. (2) Freedom song. 6(1). Speech : Release Mandela Committee. (2) Freedom song. 7(1). Speech : National Union of Mine workers. (2). Freedom song. 8(1) Speech : Azanian Students Movement. (2) Freedom song. 9. Speech Thabong Residents Action Committee. 10. Procession to the grave. 11. Thanks giving on behalf of the

... / family

family."

As 'n mens dan kyk na die volgende bladsy die "Obituary", die vierde paragraaf wat sê "On 2/8/1984 he was brutally murdered by a member of the notorious racist para-military force during the school uprising at Motse(?) Thabong." Sê u dat dit 'n korrekte weergawe is van wat gebeur het? -- Nee.

In die laaste paragraaf word onder andere gesê "Long live Nelson Mandela and long live Solomon Mahlangu." Wie is Solomon Mahlangu na wie verwys word? Weet u? -- Ek weet nie.

Het u op 11 Augustus 1984 by hierdie begrafnis van Loape diens gedoen? -- Dit is korrek.

Waar is die diens gehou? -- Die diens was in die Philip Smith saal in Thabong Swartwoongebied gehou.

Het baie mense die begrafnis bygewoon? -- Tussen vyf- en agthonderd het die diens daar bygewoon.

Hoe het die begrafnis verloop van die diens af? -- Met die wegtrek van die lykstoet was die kis deur lede gedra wat teenstrydig is met die beperkings wat die landdros opgelê het.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit nou lede van die Mag? -- Nee, deur Swartbegrafnisgangers.

MNR. HANEKOM : Was baniere in die optog vertoon? -- Daar was baniere vertoon. Wat ek self opgemerk het was 'n COSAS banier, 'n UDF banier en dan was daar baniere, maar ek kan nie onthou wat dit was nie.

Hoeveel mense sou u skat het in die stoet geloop? -- Hoe verder die stoet na die begraafplaas beweeg het, het hulle aangegroei tot ongeveer tweeduisend.

Was daar baniere by die graf vertoon? -- Behalwe die baniere wat ek reeds gesê het, is daar op 'n later stadium tydens die begrafnis 'n RMC banier ook vertoon.

Weet u waarvoor dit staan? -- Dit staan vir Release

... / Mandela

Mandela Campaign.

Wat het gebeur na die begrafnis? — Na die begrafnis het ongeveer 'n duisend Swartbegrafnisgangers met hulle terugkoms in die Swartwoongebied in steeds hierdie drie spesifieke baniere gedra, dit wil sê die UDF, COSAS en RMC baniere. Hulle was per megafoon gewaarsku om uiteen te gaan, maar terwyl ek besig was is daar klippe vanuit die skare na die polisie gegooi en hulle is slegs met traanrook uiteen gedryf.

Op 11 Februarie 1985 gedurende die oggend het u bevel oorgeneem van die onluste-eenheid in Seeisoville te Kroonstad? — Dit is korrek.

Wat was die toedrag van sake daar? — Met my aankoms by Seeisoville Swartwoonbuurt was daar verskeie winkels en kafees wat reeds geplunder of afgebrand was. Daar het ook verskeie voertuie gebrand. Die eenheid het teen hierdie mense opgetree en daar is tydens die optrede twee Swartes noodlottig verwond asook tien slegs verwond.

Is enige lede van u eenheid beseer? — Daar was vier lede van my eenheid deur klippe beseer.

Op 18 Februarie 1985 is een van die Swartes wat op 11 Februarie noodlottig beseer is begrawe te Seeisoville. Is dit korrek? — Dit is korrek.

Het u die dag diens gedoen in die begraafplaas? — Dit is korrek.

Hoeveel mense ongeveer het die begrafnis bygewoon? — Daar was ongeveer tweeduisend vyfhonderd begrafnisgangers vir hierdie diens.

Hoe het die begrafnis verloop? — Terwyl hulle na die begraafplaas beweeg het, was daar weer baniere vertoon, daar was 'n aanhoudende gesing, die woord Mandela kon gehoor word asook die verteenwoordigende vuis in die lug.

... / Kon

Kon u enige van die baniere onderskei? -- Dit is korrek. Die baniere UDF en COSAS was baie duidelik gewees.

Het die polisie by die begrafnis opgetree? -- Nadat hulle sekere beperkings deur die landdros ingestel nie nagekom het nie, is hulle met traanrook uiteen gedryf.

Welke beperkings is nie nagekom nie? -- Eerstens dat die beperkings van die toon van baniere, asook die tydsbestek wat die begrafnis besig was, wat oorskry was alreeds.

HOF : Was daar 'n verbod op die vertoning van baniere? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Het u enige begrafnisgangers herken die dag? -- Dit is korrek.

Wie was dit? -- Ek het vir Patrick Lekota en vir 'n sekere Kleurlingman Bloem die betrokke dag gesien by die begraafplaas.

Kyk na beskuldigde nr. 20. Is dit Lekota na wie u verwys?

HOF : Laat hy net opstaan, asseblief? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM : Waar en in welke omstandighede het u beskuldigde nr. 20 die dag gesien? -- Ek het hom eers by die begraafplaas gesien en daarna het ek hom by die agterplaas van die polisiestasie op Seeisoville gesien.

Op 21 Februarie 1985 is die begrafnis gehou van die tweede Swartman wat op 11 Februarie noodlottig beseer is? -- Dit is korrek.

Het u die begrafnis bygewoon? -- Dit is korrek.

Hoe het die begrafnis verloop? -- Die begrafnis was ook die sing van liedere, die opsteek van baniere, die vertoning van baniere en ook Amandla Ngawethu slagspreuke.

HOF : Die liedere, was dit psalms? -- Ek is nou nie die tale eintlik magtig nie, maar volgens wat ek verneem het, was dit nie psalms gewees nie.

MNR. HANEKOM : Kon u enige van die baniere onderskei? -- Die COSAS banier sowel as die UDF banier was weer vertoon gewees.

Wat het gebeur na die begrafnis? -- Die eerste begrafnisgangers het vreedsaam uitmekaar gegaan, maar 'n groep van ongeveer ek dink agthonderd, om en by agthonderd het by die Swartwoonbuurt ingekom en in 'n groep en ek het hulle gewaarsku dat hulle vreedsaam uitmekaar moes gaan omdat hulle weer beperkings van die landdros verbreek het.

Het die polisie opgetree? -- Ja, die polisie het weer teen hierdie mense opgetree, maar nie op dieselfde tydstip nie, maar later toe daar weer sporadiese voorvalle plaasgevind het, is 'n Swartman verwond, waar hy later oorlede is.

Is sy begrafnis in die Swartwoongebied gehou op 27 Februarie 1985? -- Dit is korrek.

Het u diens gedoen by hierdie begrafnis? -- Dit is korrek.

Wat was opmerklik die dag by die begrafnis? -- By die betrokke begrafnis was daar duidelik gesien dat voëlrekkers aan die aanwesiges uitgedeel is, asook asblikdeksels.

Het die begrafnisgangers na die begrafnis vreedsaam uiteen gegaan? -- Omtrent almal behalwe 'n groep van driehonderd het nie vreedsaam uiteen gegaan nie ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Het driehonderd vreedsaam uiteen gegaan of het al die ander vreedsaam uiteen gegaan? -- Die ander het vreedsaam uiteen gegaan, behalwe plus-minus drie-honderd.

MNR. HANEKOM : Wat het die groep van driehonderd ongeveer gedoen? -- Hulle het die Swartwoongebied ingekom, ons het hulle gestop en hulle het die voertuie met klippe begin gooi, waarop ons teen hulle opgetree het. Daar was ook twee petrolbomme na die voertuie gegooi, maar dit het nie ontplof nie.

Wat het later die dag in die gebied gebeur? -- Later die dag het ek 'n monitorgroep in die gebied gehad, aangesien dit

... / stil

stil was en skielik omstreeks dieselfde tyd is vyf polisiehuise, Swartpolisielede se huise met brandbomme aangeval asook met klippe en was ernstig beskadig.

Het u diens daardie dag in die gebied geëindig? -- Daardie dag het die onluste weer stil geraak in Seeisoville.

Het u onttrek? -- En ek het my eenheid onttrek.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Kaptein, op 15 Julie 1984 hoe laat is u na Tumahole toe in Parys? -- Ek het persoonlik 16h00 daar arriveer.

Dra u kennis hoe laat op 15 Julie vir die eerste keer traanrook gebruik is deur een of ander van u kollegas voor u daarheen gegaan het? -- Ek vermoed dit is om en by 11h00 of 11h30, dieselfde datum.

En as dit gesê word dat dit kort na 10h00, ongeveer 10h20 was, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek kan nie die bewering erken of ontken nie.

Dra u persoonlike kennis wat so vanaf 10h30 se kant op ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, hy kan nie, want hy het eers om 16h00 daar aangekom.

MNR. BIZOS : U weet nie wat intussen gebeur het nie? -- Ek kan nie sê nie.

Hoe laat die padversperrings daar in die pad gekom het nie? -- Nee.

Ek wil vir u vra of u 'n verklaring gemaak het kort na 15 Julie 1984? Dit is in verband met die gebeure daar in Parys in Tumahole? Het u 'n verklaring gemaak? -- Nie onmiddellik daarna nie.

Het u 'n verklaring gemaak kort daarna? -- Ek kan nie onthou wanneer ek die verklaring gemaak het nie, maar dit was 'n ruk daarna gewees.

... / Maande

Maande of 'n jaar daarna? -- Ek sal nie nou kan sê nie.

Wel, hoe lank gelede is die verklaring van u gemaak in verband met Tumahole? Dit is nou Juniemaand 1986? Hoe lank gelede? Is dit 'n maand gelede, 'n jaar gelede, 'n week gelede?

HOF : Maar wat het hy eintlik gesê oor Tumahole, behalwe dat daar mense was met UDF T-hemde?

MNR. BIZOS : Ja, ek dink dit is die enigste punt in geskil.

HOF : Ja, goed.

MNR. BIZOS : Wanneer het u 'n verklaring gemaak? -- (Getuie talm om te antwoord)

Wat is u moeilikheid? -- Ek kan nie onthou nie.

Hoe kan u nie onthou nie? Daar is 'n verskil tussen 'n week of 'n maand of 'n paar dae? -- Ek het in die laaste jaar, twee jaar, soveel verklarings gemaak dat ek nie weet watter een is watter een nie.

En ongelukkig is u ook by soveel onlustonele teenwoordig dat u miskien een toneel met 'n ander verwar?-- Nie op hierdie stadium nie.

Omdat ek dit aan u wil stel dat daar geen COSAS en/of UDF verteenwoordiging te Parys of Tumahole gedurende Julie 1984 nie? -- Dit mag moontlik nie Junie 1984 gewees het nie, maar wel 15 Julie 1984.

Ek het Julie bedoel. Jammer as ek Junie gesê het. Miskien was dit nie heeltemal duidelik nie. Daar was geen UDF en/of COSAS verteenwoordiging in Tumahole gedurende Julie 1985 nie? -- Daar was van die betrokke T-hemde teenwoordig was deur persone gedra was.

Hoeveel COSAS T-hemde het u gesien? -- Ek kan nie daardie vraag beantwoord nie. Dit is 'n onmoontlike vraag om te beantwoord.

Hoeveel UDF T-hemde het u gesien? -- Soos my vorige

... / antwoord

antwoord, ek kan nie spesifiek sê nie.

Sal u asseblief die UDF T-hemp beskryf wat u gedurende Julie 1984 gesien het? Hoe het daardie UDF hemp gelyk? — Dit is die geel hemp met 'n kring waar daar 'n groep mense uitbeweeg wat 'n vlag dra, waarop staan - bo staan iets van UDF, ek kan nie nou onthou wat nie en aan die onderkant staan daar ook 'n benaming.

U kan nie onthou wat dit was nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

En agter op? — Ek het niks agter opgemerk nie.

Hoeveel mense sou u sê het gedurende die optrede by Tumahole - hoeveel mense het u gesien in die algemeen wat deelgeneem het aan die onluste? -- Dit is onmoontlik om te sê hoeveel mense. Wanneer 'n persoon optree, dan beweeg hierdie mense so rond dat 'n mens geen totaal kan maak teen hoeveel mense opgetree word nie.

Was dit honderde of duisende mense? -- Dit is geweldig moeilik. 'n Mens kan nie sê hoeveel mense dit werklik is nie.

As u 'n skatting moet maak, wat was die persentasie van mense wat UDF T-hemde gedra het? -- Ek gee toe, daar was nie 'n geweldige klomp mense wat dit gedra het nie, maar daar was mense wat dit gedra het, maar nou sê ek weer, ek kon nie spesifiek sê nie, want 'n mens tree teen bewegende mense op. Jy kan nie spesifiek sê hoeveel mense dit is nie.

Een uit elke honderd of twee uit elke honderd of minder as een uit elke honderd of wat sal u sê? -- Ek sal nie kan sê nie.

Geld dit ook in verband met COSAS T-hemde? -- Dit is korrek.

Sal u asseblief die COSAS T-hemde wat u te Parys gesien het gedurende Julie 1984 beskryf soos dit op daardie tydstip

... / was

was? — Dit is 'n wit hemp waarop die onderdeel van Suid-Afrika is met twee gesigte, dit is wat ek op die oomblik kan onthou en daar is 'n inskripsie iets van "teach". Ek kan nie heeltemal onthou wat dit is nie.

En agter? — Ek het nie so opgemerk nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 3 JUNIE 1986.

- - - - - - - - - -

... / JUDGMENT

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

VOL. 100

DELMAS

1986-06-03

THE STATE

versus

PATRICK MABUYA BALEKA AND 21 OTHERS

---

## J U D G M E N T

K312 VAN DIJKHORST, J.: A number of video's of public meetings have been shown in court in terms of my ruling that they may be placed before Court to enable the State to lead evidence to identify them as relating to particular meetings. That was done in the presence of the two assessors to prevent a possible repetition of the whole process later on.

Witnesses who were present at meetings first gave their recollection of the songs, slogans, speakers and speeches and thereafter were shown the video's relating to that particular meeting and asked to identify the venue, speakers, et cetera.

The State also led further evidence to support its contention that these video's were admissible as evidence. In addition, certain admissions were made by the accused. All this can be summarised as follows :

Twelve video's relating to ten meetings were found by the South African Police at the offices of Afrascope in Khotso

House, Johannesburg. They are EXHIBITS 2, 3, 4, 10,11, 15, 18(1), 18(2), 19(1), 19(2), 28 AND 29. Calvin Prakasim the person in charge of those offices, is allegedly overseas and will be there for some time. One video was found by the South African Police in the United Democratic Front offices at Khotso House. That is EXHIBIT 9. Three video's were found in possession of private individuals, namely EXHIBIT 13, in possession of Mewa Ramgobin, presumably an office bearer of the UDF, EXHIBIT 16 in possession of Hoffman Galeng, chairman of the UDF, Northern Cape region and EXHIBIT 20 in possession of one Kiren Satgoor. Two video's were obtained by the police by undisclosed methods. They were copied and the masters were returned to their possessors. The copies are before Court as EXHIBITS 8 and 17.

Since all these video's came into the hands of the police up to the present they have not been tampered with. There is no evidence who were the cameramen, whether they are professionals or amateurs, what type of camera was used, whether or not the police obtained the originals or reproductions of the original video's and if they were reproductions, what type of apparatus was used to make the copies. In the circumstances there was also no evidence that the video's had not been tampered with before they came into the possession of the police.

From the video's itself it is clear that several meetings have not been fully recorded and that in most, if not all, recordings there are interruptions.

Defence counsel, chosing not to lead evidence on the question of admissibility, objected to the admission of these video's for any other purpose than to bolster specific evidence of State witnesses, for example that a meeting was held,

... / who

who the speaker was and what the venue looked like.

The State, on the other hand, adduces this evidence, inter alia, to prove the contents of the speeches, which, as is not surprising, the witnesses who were present at the meetings, have totally forgotten. The State contends that the video's are real evidence and may be proved as such.

The objection by defence counsel to the admission of the video's for the purpose to which the State intends to use them, is twofold. Firstly, it is based on the premise that video's, like tape recordings, have certain inherent dangers and that before they can be received in evidence, a necessary foundation has to be laid. The dangers are that, like tapes, they can be easily edited or altered, so the argument ran, and the foundation required is set out in S v SINGH 1975 (1) SA 330 (N) at 333 G.

I was also referred to an article by T.B. Radley in 1954 Criminal Law Review titled Recording as Testimony of Truth, dealing with the manner in which tapes can be forged and one by R.E. Auld 1961 Criminal Law Review 598 at 601, titled The Admissibility of Tape Recordings in Criminal Proceedings. The latter refers to Wigmore, second edition volume 8 paragraph 2157.

It was argued that video's, which have an aural as well as a visual component, should be treated as tapes are, as the dangers are alike. Therefore, the evidence about the taking of the video, the competency of the operator, the type of apparatus used, the circumstances of the development and processing of the video and the history thereof until it is produced in court, are required.

The second leg of the objection was that two of the

... / video's

video's before Court are copies and that all the others, as well as the masters of those two, may also be copies. There is no proof of originality and even if a copy may be admitted, which is not conceded, then there is no proof that the copy before Court is a true copy.

As appears from the above, the objection raises questions of authenticity and originality. The first normally is not a matter of admissibility, but a matter of trustworthiness and weight. As against that, lack of originality may bring about inadmissibility in some cases.

A video recording is a combination of a sound recording and visual material. A video tape is a magnetic record with magnetic information stored thereon which information can be converted by an electronic process into dots of light on a television screen creating pictorial images. It is not a photograph or cinematograph film. It is accompanied by a sound track which is synchronised with the pictorial matter. The sound track consists of magnetised tape.

As stated, defence counsel emphasised the dangers inherent in the use of video's as evidence. That there are risks, is evident. The roving camera may be selective. Only a portion of the proceedings may have been recorded. There are interruptions in the recording. Some of the words and sometimes whole sentences of speeches are inaudible, either through audience noise or faulty recording.

Technically speaking, a magnetic tape recording can be altered by editing and even by changing word order and dubbing the altered tape onto another with slight chance of detection. A video may also be edited into distortion.

These are all matters that have to be given due

consideration when the weight of this evidence is to be determined by the Court. It does not relate to admissibility. The said risks should not be over-emphasised.

Having sat through two weeks of video viewing, I am convinced that the video can be a very helpful tool to arrive at the truth. It does not suffer from a fading memory as do witnesses. The camera may be selective, but so is the witness's recollection, even more so. The best word artist cannot draw his verbal picture as accurately and as clearly as does the cold eye of the camera. Not to mention the faltering witness who has difficulty in expressing himself. The tape records and retains for the benefit of the Court not only the words but also the intimation and emphasis of the speaker and the reaction of the audience. A tape sound and video recording can often be more reliable than the recollection of a witness. The mere fact that there are interruptions in the video and sound recording, does not call for the exclusion of the whole video or tape as evidence. Nor would the fact that parts of the visual recording are out of focus or the sound inaudible. Whether and to what extent an incomplete and imperfect video would help the Court in its search for the truth, is a matter to be decided in relation to the facts of each case. There can be no hard and fast rule.

Our Courts have admitted evidence of tape recordings even where the recordings were imperfect, parts were inaudible and the whole was not decipherable. See VEII v S 1968 (1) PH H.49 (A); S v PEAKE 1962 (4) SA 288 (C).

So have the English courts. R v MAQSUD ALI 1965 (2) All E.R. 464; R v ROBSON 1972 (2) All E.R. 699.

... / Further

Further examples of cases where our courts have admitted tape recordings as evidence are R v KOCH 1952 (3) SA 26 (T) at 29 and R v BEHRMAN 1957 (1) SA 433 (T). In the latter case the majority of the full bench of this division held inadmissible transcripts from dubbing of an unintelligible tape as correspondence between the three had not been proved. This is not in pari materia with the present case.

S v SINGH AND ANOTHER (supra) dealt with admissibility of tape recordings. It was argued that the State had not proved that they had been tampered with. The learned judge, after referring to the fact that tapes can be easily edited or altered, stated at 333 G :

> "In R v STEVENSON AND OTHERS 1971 (1) All E.R. 678 where the issue of a possible fabrication was raised, the following rules were laid down :
>
> 1. Before the Court would admit them in evidence it had to be established that they were the original recordings; if sufficient doubt was raised by the defence to indicate that it was likely that they were not the originals and so not the primary and best evidence, the Court had no alternative but to reject them.
> 2. Accordingly if there is evidence that some interference with the tape recordings might have taken place, they are not admissible in evidence.
>
> With regard to (2) above, I would prefer to say that, if on the evidence as a whole there exists a reasonable possibility of such interference, then the tape recording would not be admissible in evidence."

I would respectfully observe that the above statement does not differentiate between originality and authenticity. Originality is a requirement flowing from the so-called best evidence rule and is considered when admissibility is decided upon. Authenticity is not a question of admissibility, but of cogency and weight.

When a tape has been tampered with in the sense that certain words have been erased or certain portions inserted, the remainder of the tape is still original. The interference may have the result of diminishing or destroying its evidential value, but that does not mean that it is inadmissible. It is admissible, but may turn out to be worthless. An analogy would be an original contract in which a few words have been forged. The document would be admissible but unless the exact extent of the falsification is determined, doubt would be cast over the whole contract.

The primary test for admissibility is relevancy. All facts relevant to the issue in legal proceedings may be proved, unless specifically excluded by the law of evidence. A fact is relevant when inferences can be properly drawn from it as to the existence of a fact in issue. R v TRUPEDO 1920 AD 58 at 62; R v KATZ AND ANOTHER 1946 AD 71 at 78.

The video's before Court are relevant. The question that arises is whether they should be excluded by an exclusionary rule of the law of evidence. Two reasons for exclusion were advanced. The first I have dealt with. That is that the inherent dangers are such that certain prequisites for admission are required. As stated, in my view that aspect does not fall in the field of admissibility and is to be considered with all the evidence at the end of the case.

... / The

The second which equates video's with documents and therefore is a question of admissibility, raises problems of classification. Is a video to be regarded by the law of evidence as a document or as a photograph or as real evidence, which is neither. Should the law of evidence, pertaining to photographs and documents as extended to tape sound recordings, not be further extended to regulate the admissibility of video's as well? Is the extension of the evidentiary prescripts for documents to tape recordings sound?

It should be borne in mind that in the United States of America and England, where the rules of documentary proof were recently extended to include tape recordings, the need for a formalistic and rigid approach towards evidence exists because of the existence of the jury system. It may be well nigh impossible to erase from the minds of the laymen of the jury the impressions created by a tape which turns out to be a forgery. That danger is not nearly as great in the case of a judge sitting alone or with assessors with legal training. To sort through contradictory and often false evidence and sift the wheat from the chaff, is the daily task of the judicial officer. It is done in the case of viva voce evidence and can just as easily be done in the case of tape recordings and video's.

It is evident that a video is not a document. It is also not a photograph or cinematographic film. That was decided by GOLDSTONE, J. in HAMID v SONDAVI, (unreported, TPD 14 September 1982) on the basis of expert evidence.

In S v SIDWEL THOBEKILE MPUMLO (unreported ECD 18 February 1986), the defence objected to a video before any evidence pertaining to it was led. MULLINS, J. held that it was

not a document(under which term was included photograph in terms of the definition in SECCOMBE AND OTHERS v ATTORNEY GENERAL AND OTHERS 1919 TPD 270 at 277 / 278.) The learned judge did not find it necessary to express an opinion on the category on which cinematographic films belong. He concluded :

> "I have no doubt that a video film, like a tape recording, is real evidence, as distinct from documentary evidence and, provided it is relevant, it may be produced as admissible evidence subject of course to any dispute that may arise either as to its authenticity or the interpretation thereof."

This dictum was qualified, however, to the extent that the learned judge stated later on in the judgment :

> "I am not, for the purpose of this judgment, prepared to lay down any principle relating to aural tape recordings of voices. It may be that different principles should apply in regard to prior proof of the authenticity thereof if such be in dispute. In such a case a court might not be in a position, without proof of the origin of the tape, to be satisfied that it is what is purports to be."

The learned judge then referred to English authority.

It is clear from the above that the decision deals only with the visual component of video's and not the aural component. If this decision is applied to the visual component of a video, and S v SINGH (supra) to the aural component, a video will be dealt with by the law of evidence as a document for one purpose and not for another. I doubt whether such legalistic gymnastics are really necessary.

I agree with the conclusion of MULLINS, J. that a video tape is real evidence. It remains to be considered

... / whether

whether the aural component thereof is to be equated to a tape sound recording and dealt with on the same basis as documentary evidence.

The English authority on this aspect is post 1961. The English law of evidence, if amended since 30 May 1961, is no longer ipso facto our law. See Section 252 Criminal Procedure Act, 51 of 1977. S v LANGA 1963 (4) SA 941 (N) at 944 H: VAN DER LINDE v CALITZ 1967 (2) SA 239 (A) 246 H; PAPENFUS v TRANSVAAL BOARD PERI-URBAN AREAS 1969 (2) SA 66 (T) 69 H. The latter two cases deal with civil procedure.

The English cases since the aforementioned date are therefore of persuasive authority only. I do not in this context refer to English cases after 1961 that declare what the law is. The cases to which reference is made, break new ground and are not binding on our courts.

The English law of evidence onthis aspect was still in a state of flux in 1961 and it was not even established law that a record of sounds taken by a tape recording machine is as such admissible in evidence. R v MILLS 1962 (3) All E.R. (Court of Criminal Appeal) 300. That had to wait till 1965.

It will be noted that in S v SINGH (supra) 333 the Court referred to R v STEVENSON AND OTHERS 1971 (1) All E.R., an English case decided by a judge of the Nottingham Assizes in 1970, without commenting upon the fact that our courts are not bound by that decision or by any other decision in England after 1961 which extends the rules of evidence pertaining to documentary proof. Neither did the court differentiate between our non-jury

... / system

system and the English system. Nor was a distinction drawn between authenticity and admissibility.

The learned judge in STEVENSON's case did not rely on any authority for equating tapes to photographs and applying the law of evidence applicable to the letter.

In R v MAQSUD ALI 1965 (2) All E.R. 464, to which the learned judge did refer in another context, the English Court of Criminal Appeal decided that a tape recording was admissible in evidence as a matter of law. It is clear from the cases mentioned by the learned judge of appeal at pages 467 and 468that by 1961 the English law of evidence on tape recording was still in the melting pot, and that no clear principle had emerged. For the court of criminal appeal it was res nova. The tape in question was an original one and it had not been tampered with. The question whether the best evidence rule as applicable to documents should be applied, did not arise.

It is against this background that the following dictum of MARSHALL, J at 469 B to E should be read :

> "We think that the time has come when this court should state its views of the law on a matter which is likely to be increasingly raised as time passes. For many years now, photographs have been admissible in evidence on proof that they are relevant to the issues involved in the case and that the prints are taken from negatives that are untouched. The prints, as seen, represent situations that have been reproduced by means of mechanical and chemical devices. Evidence of things seen through telescopes or binoculars which otherwise could not be picked up by the naked eye have been admitted, and now

... / there

there are devices for picking up,transmitting and recording, conversations. We can see no difference in principle between a tape recording and a photograph. In saying this we must not be taken as saying that such recordings are admissible whatever the circumstances, but it does appear to this court wrong to deny to the law of evidence advantages to be gained by new techniques and new devices, provided the accuracy of the recording can be proved and the voices recorded properly identified; provided also that the evidence is relevant and otherwise admissible, we are satisfied that a tape recording is admissible in evidence. Such evidence should always be some caution and assessed in the light of all the circumstances of each case. There can be no question of laying down any exhaustive set of rules by which the admissibility of such evidence should be judged."

In R v ROBSON 1972 (2) All E.R. 699, SHAW, J. in the Central Criminal Court followed STEVENSON's case. Both these cases were jury trials.

A case where a tape was admitted but no reference was made to its being equated to a document, is R v SENAT 1968, 52 Criminal Appeal Reports 282.

I could find no established rule of the English law of evidence in existence before 31 May 1961 that equates tapes with documents and applies the so-called best evidence rule to the former.

In the words of WIGMORE (1972 edition) volume 4 paragraph 1183 in the United States of America "there is now the genesis of a still further development which would enlarge the scope of the term 'writing'

... / to

to include photographs, sound recordings and the like. The justification for this development is the need to assure accuracy in the evidentiary use of these modern equivalents of traditional documents."

This development in the United States of America seems to be initiated by the legislature. The reported cases referred to in the footnotes deal with the admissibility of transcripts and X-rays.

The matter was *res nova* in South Africa when it came before the Natal Provincial Division in S v SINGH (*supra*).

I do not think that in principle a distinction can be drawn between the aural component of a video tape and a tape sound recording. The question which has to be squarely faced is whether S v SINGH (*supra*) is to be followed.

As set out above the Court in that case did not declare the existing law. If the principles laid down in SINGH's case are accepted, new law will have been made. It will mean that we will enter the 21st century shackled by new irons cast in a mould that no longer fits our modern requirements.

Some of the difficulties which this approach creates, appear from the English cases.

In R v ROBSON (*supra*) 701, the objection against the admission of the tape recordings was taken on the basis of originality, which is a matter for the judge to decide. It turned out that the real gravamen of the objection was an attack on authenticity, which larger issue was one for the jury to decide. In this way a lot of time was wasted. Furthermore one finds that the Court has to decide on the probabilities on originality and having admitted it, the jury has to find beyond reasonable doubt on authenticity of the tapes.

In this case the learned judge heard the evidence of a mass of witnesses on the history of the tapes and five experts on the authenticity. All on the question of originality. And it all had to be repeated for the jury.

A similar exercise was gone through in R v MAQSUD ALI (supra) by the trial judge. It was held by the learned judge himself that he was really trespassing on the functions of the jury. He had misgivings about where the line is to be drawn between matters going to admissibility and matters which really went to weight and cogency.

The same process was gone through in R v STEVENSON (supra). It was extremely lengthy, highly technical and extremely burdensome. The learned judge remarked at page 680 B :

> "Nevertheless, as a general rule, it seems to me to be highly undesirable, and indeed wrong for such an investigation to take place before the judge. If it is regarded as a general practice it would lead to the ludicrous situation that in every case where an accused person said that the prosecution evidence is fabricated the judge would be called on to usurp the functions of the jury."

Although I have avoided the duplication of evidence by sitting with my assessors, I now have to evaluate the evidence on my own, should I follow S v SINGH (supra) and, should I admit the video's, theoretically we can then come to a different conclusion as a court sitting with assessors. Even the fact that my assessors attended the viewing at the admissibility stage may raise a comment, although it is legal.

In my view we have neither the need, nor the time for this tortuous procedure. It is not our law where sound and

video recordings are concerned. There is no reason for making it ours.

I respectfully conclude that the dictum in S v SINGH (supra) upon which defence counsel relies is incorrect. I decline to follow it. In my view tape sound recordings and tape video recordings and a combination of the two are real evidence to which the rules of evidence relating to documents are not applicable.

It follows that the second leg of the objection fails. The objection cannot be upheld.

Should it be found that I am wrong in my approach, I find the video's aforementioned are in any event admissible on the following basis: Whether the video's found in possession of Afrascope, United Democratic Front, Ramgobin, Galeng and Satgoor are originals or copies is not known. It is, however, clear that those are the only video's available to the State. Video's, EXHIBITS 8 AND 17, are admittedly copies of masters which were returned. The whole operation was clandestinely done. Evidence of the police methods utilised and the source of the video's was excluded on the grounds of public policy. EXHIBITS 8 AND 17 are the only video's that can be placed before the Court by the State in respect of the two meetings in question.

It has therefore been proved that inasmuch as some of the video's are or may be reproductions and not originals, their originals are on the probabilities for all practical purposes unobtainable. It follows that secondary evidence of their contents is admissible. Such secondary evidence may take the form of a copy. Whether such secondary evidence is trustworthy, is for the Court, consisting of judge and assessors

... / to

to decide at the end of the case. That also applies to the authenticity of the copy.

I rule that the twelve video's mentioned above are admissible as evidence and that their admissibility is not restricted to the purposes contended for by the defence.

- - - - - - - - - - -

JOHANNES HENDRIK VORSTER, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Kaptein Vorster, ek wil nou oorgaan na die gebeure van 1 Augustus 1984 te Thabong. Dit is in Welkom, is dit nie? — Dit is korrek.

Ek wil u vra om vir die Hof te sê of u enige persoonlike kennis het van die rede van die moeilikheid van die skoliere by die verskillende skole in Thabong gedurende Julie 1984? -- Nee.

En uit die aard van u werk by die onluste-eenheid kom u daar na die onluste uitgebreek het? -- Dit is basies so.

HOF : Om dit anders te stel, u kom daar as die vet al in die vuur is? -- Dit gebeur gewoonlik so.

MNR. BIZOS : U weet nie hoe die vuur begin het en waarom dit ontstaan het nie? — Dit is so.

Weet u of daar 'n boikot aan die gang was gedurende Julie of die teenoorgestelde dat die skole wel gesluit was en dat die skoliere skool toe moes gaan?

HOF : U praat nou van 'n skole-boikot?

MNR. BIZOS : 'n Skole-boikot. Weet u daarvan? — Ek weet daar was skole-probleme gewees. Daar was mense wat nie skool toe gegaan het nie. Dit is al wat ek daarvan weet.

Maar u weet nie of dit op daardie stadium 'n boikot was en of vir een of ander rede die owerhede die skole gesluit het en die skoliere skool toe wou gaan nie? — Nee.

U dra seer sekerlik geen kennis of op 1 Augustus net die matriekklasse van die verskillende skole genooi was om terug te kom nie, maar al die klasse het teruggekom, omdat hulle skool toe wou gaan? -- Nee.

En u weet nie watter aksie geneem was deur die prinsipaal en/of die onderwysers teenoor die skoliere wat die moeilikheid veroorsaak het nie? — Nee.

En u weet ook nie of dit op 'n lokale vlak was nie? Dit wil sê die griewe van 'n deel van die skoliere by een skool en of dit georganiseer was deur een of ander organisasie nie? -- Nee.

Daarna, toe u daar gekom het, om die onluste te beheer, kon u nie sê of die mense wat die onluste of wat aan die onluste deelgeneem het skoliere was of onverantwoordelike jong mense wat die situasie vir hulle eie doeleindes uitgebuit het of nie? U weet nie? -- By Thotagauta het die skoliere, meeste van hulle was in skooluniform gewees. So, ek aanvaar dit was skoliere. Daar het van hulle na die Thotagauta skool beweeg waar hulle die skool ontwrig het.

Maar die onluste in die algemeen daarna waartydens skade gedoen is aan verskillende voertuie en winkels ensovoorts, u kan nie sê of hulle skoliere was of onverantwoordelike mense wat daar besig was nie? -- Dit was basies jeugdiges wat daar besig was.

En u kan nie sê of hulle skoliere was of nie? -- Nee, ek kan nie.

In verband met BEWYSSTUK AAW(12), dra u kennis wie verantwoordelik was vir die reëlings van daardie begrafnis? -- Nee.

Wanneer is u vir die heel eerste keer gevra wat se soort baniere by hierdie begrafnis was?

HOF : Amptelik?

MNR. BIZOS : Amptelik, ja. Gevra om 'n verklaring te maak of u te herinner wat se soort baniere daar was by die begrafnis? -- Ek kan nie onthou nie.

Wanneer het u vir die eerste keer gevra om getuienis in die saak te gee? Wanneer is u verwittig dat u van die Vrystaat af Delmas toe moet kom? -- Ek vermoed so 'n jaar of 'n

... / bietjie

bietjie meer is 'n verklaring van my geneem. Ek kan nie heeltemal onthou nie. Na Delmas toe is ongeveer twee weke gelede.

Is 'n verklaring in verband met u getuienis hier twee weke gelede geneem? -- Nee.

Is geen verklaring van u geneem nie? -- Hier is nie 'n verklaring van my geneem nie.

Was daar enige melding van enige baniere in u verklaring wat amper 'n jaar gelede gemaak was? -- Dit is korrek.

Is u seker daarvan? -- Ek vermoed so.

Dit beteken vir ons dat u nie seker is nie? -- Ek het 'n verklaring gemaak tot die effek dat daar baniere getoon was.

Maar nie wat se baniere hulle was nie? Nie die aard van die baniere nie? -- Nee, ek het gesê dit was UDF baniere en COSAS baniere.

In u verklaring? -- Dit is korrek.

Maar u sê u vermoed dit net? -- Ek is seker daarvan.

Dat dit in die verklaring is? -- Dit is korrek.

Sê weer vir ons wat se soort baniere daar was? -- Op die 1ste was daar nie baniere gewees nie.

Ons praat nie van die 1ste nie. Ons praat van die begrafnis daar. -- Op hierdie begrafnis was daar 'n UDF banier, 'n COSAS banier vertoon tydens die begrafnisstoet en tydens die begrafnis self, later tydens die begrafnis self, is 'n RMC banier ontbloot en vertoon.

Wat was die kleur van die RMC banier? -- Dit was ook 'n geel banier met 'n vlag in.

Wat was die kleur van die vlag? -- Sover ek kan onthou was daar 'n rooi, swart en geel in die vlag.

Dit is die vlag op die banier? -- Dit is korrek.

Wat was daarop geskryf? -- Daar was RMC geskryf.

Nog iets anders? -- Ek is nie heeltemal seker nie, maar

... / ek

ek dink in die vlag was daar die woord Mandela ook geskryf.

In die vlag? — Ek vermoed so in die vlag. Ek kan nie onthou op die banier self nie.

Wat was op die UDF banier geskryf? — Wat ek weet het daar gestaan UDF, maar ek kan nie heeltemal die bewoording onthou van die UDF vlag nie.

Wat was op die COSAS vlag geskryf? — Iets soos "teach", maar ek weet nie wat verder nie.

Hoe naby die graf van die oorledene was u op die betrokke dag? — Ek was ongeveer 300 meter van die begraafplaas af.

HOF : Van die begraafplaas af of van die graf? — Van die graf.

Van die graf self? — Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Het u 'n verkyker gehad? — Dit is korrek.

Ek wil nou met die begrafnis van 18 Februarie handel. Dit is te Seeisoville. Kan u dit onthou? — Dit is korrek.

U het vir ons gesê dat u vir mnr. Lekota daar gesien het. Kan u dit onthou? — Dit is korrek.

Sal u asseblief vir ons sê wat se baniere by daardie begrafnis was? — Daar was COSAS baniere en UDF baniere en dan was daar baniere wat ek nie die bewoording van kan sê nie wat sommer self gemaak was.

As u getuienis nou reg was, was daar ten minste drie baniere by die begrafnis, nie waar nie? — Daar mag meer gewees het.

Ten minste drie? — Ja.

Hoe ver van die graf was u toe u ten minste hierdie drie baniere gesien het? Kan u vir ons sê? — Die baniere het ek op die pad gesien waar hulle beweeg het en ek was ongeveer 100 meter op daardie stadium of op een stadium van hulle af en by die begraafplaas waar die oorledene begrawe is, was ek ongeveer ook so 300 meter van die toneel af.

... / Ook

Ook met verkykers? -- Dit is korrek. Ons het verkykers gehad.

En het u hierdie ten minste drie baniere by die graf self gesien? -- Dit is korrek.

Hulle was duidelik sigbaar vir 'n persoon wat verkykers sou gebruik het? -- Van die baniere kom jy nie mooi duidelik sien nie, omdat die inskripsies klein was en jy kon nie uitmaak wat dit was nie. Jy kon net gesien het dat dit 'n banier is met inskripsies op.

Maar die UDF gebruik mos nie klein lettertjies op hulle baniere nie, nie waar nie? -- Ek weet nie of daardie ander wat gewys was UDF baniere was nie.

Wat sê u? Was daar 'n UDF banier by die begraafplaas of was daar nie? -- Dit is korrek. Daar was 'n UDF en 'n COSAS banier.

En ten minste een ander? -- Ten minste een ander.

Was u die enigste persoon wat daar was wat 'n verkyker gebruik het? -- Nee.

Wie was daar nog met verkykers? -- Daar was 'n hele paar lede wat verkykers gehad het.

Ken u, of dit nou 'n sersant of 'n adjudant-offisier is kan ek nie onthou nie, mnr. Branders?

<u>HOF</u> : Ek dink hy is 'n sersant. Ken u 'n sersant Branders? -- Dit is korrek.

<u>MNR. BIZOS</u> : Was hy daar? -- Dit is korrek.

Het hy ook 'n verkyker gehad? -- Ek sal dit nie kan sê nie.

Toe u so 'n honderd treë van die mense was toe hulle op pad na die begraafplaas was, kon u lees wat op die COSAS banier was? -- 'n Mens kon die woorde nie baie mooi gesien het nie, maar die embleem was baie duidelik gewees met die

woord COSAS.

U kon die woord COSAS sien. Ek wil dit aan u stel dat volgens die getuienis van mnr. Branders was daar net een banier daar. As daardie getuienis voor Sy Edele gegee was, was dit inkorrek? -- Dit is korrek. Die baniere wat ek gesien het, is soos ek aan die Hof verduidelik het.

En dit 'n tuisgemaakte banier was wat volgens sy getuienis die volgende woorde bevat het "We are not fighting to bury our heroes." It appears on page 1 677. Het u enige kommentaar om daarop te lewer? -- Op 18 Februarie 1985 was daardie getoon. Sover ek kan onthou op 21 was daar 'n soortgelyke banier met die inskripsies wat die advokaat nou gegee het.

HOF : Nou wil ek duidelikheid hê wat u antwoord beteken. As u sê op die 18de was daardie getoon, bedoel u die klomp wat u na verwys het of bedoel u die een wat sersant Branders genoem het? -- Op die 18de is die COSAS, UDF en die ander banier getoon wat die inskripsies onbekend is aan my. Wat ek wel weet is dat op die 21ste was daar 'n soortgelyke banier getoon wat so 'n bewoording het, maar wat ek nie presies kan onthou wat dit was nie.

As u praat van soortgelyk, soortgelyk soos die advokaat vir u sê mnr. Branders gesê het? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Laat ek u nou goed verstaan. U sê dat u het nie so 'n banier op die 18de gesien nie? -- Ek kan nie sê wat die inskripsies op die ander baniere was nie.

Maar kan u sê dat die woorde nie op die COSAS T-hemp geskryf was nie? -- Nie sover ek weet nie.

Wie het besluit om traanrook te gebruik by die begrafnis van 18 Februarie 1985? -- Op daardie stadium was dit die distrikskommandant van Kroonstad, kolonel Bester.

Nie u nie? -- Nee.

... / Is

Is dit reg dat die mense wat deelgeneem het aan die begrafnis van die ou lokasie gekom het of weet u nie, dat voor die mense na die begraafplaas beweeg het, het hulle by die ou lokasie begin? — Dit is korrek. Die begrafnis het by die ou lokasie begin, maar later, soos hulle deurbeweeg het, het hulle aangegroei.

Watter persentasie van die mense wat daar was by die begraafplaas sou u sê was alreeds weg toe die kolonel beveel het dat daar traanrook gebruik moet word? -- Dit was meer as die helfte van die mense wat alreeds weg was.

En toe die traanrook gebruik was, was die mense besig om weg te beweeg? — Toe die traanrook gevuur is, het die mense uitmekaar gespat.

Nee, voor die traanrook gebruik was, was mense besig om van die begraafplaas af weg te beweeg? -- Dit was van die mense, maar behalwe die groep wat nie beweeg het nie.

Omdat ek aan u wil stel dat die mense besig was om weg te beweeg nadat die oorledene begrawe was en dat dit heeltemal onnodig was om traanrook te gebruik? -- Traanrook was gebruik teen 'n groep wat nie ag wou slaan op die waarskuwing van kolonel Bester nie en hulle is uitmekaar uit gedryf met traanrook.

In elk geval, ons weet van die getuienis van sersant Branders dat alhoewel op hierdie geleentheid, dit wil sê 18 Februarie traanrook gebruik was, was daar geen moeilikheid of geen geweld daarna op die 18de nie? Bevestig u dit? — Dit is korrek.

Maar sal u saamstem dat van tyd tot tyd traanrook gebruik is om mense uiteen te jaag omdat hulle die tyd oorskry het wat deur die landdros vasgestel is gedurende die periode waarbinne die begrafnis moes klaar wees? — Ek verstaan nie

... / u

u vraag heeltemal nie. Kan u dit herhaal, asseblief.

Ek kan u nie daarvoor blameer nie. My Afrikaans is 'n bietjie swak.

HOF : Dit gaan nie om Afrikaans nie. Die vraag is net, of u vraag betrekking het op 'n spesifieke begrafnis, dan wel of u oor 'n lang tydperk van baie gebeurtenisse praat?

MNR. BIZOS : Oor 'n lang tyd.

HOF : Die advokaat wil weet of oor 'n lang tydperk van tyd tot tyd dit gebeur het dat traanrook gebruik is om mense uitmekaar te jaag waar hulle langer aangebly het as die tyd wat die landdros gestel het? — Op daardie stadium was dit net met die begrafnis van die 18de wat die tyd oorskry was.

MNR. BIZOS : Ons praat van in die algemeen. Ons het nou 'n geleentheid waar traanrook wel gebruik was om mense uiteen te jaag omdat die tyd verstreke was of dat mense langer daar gebly het. Is dit iets wat van tyd tot tyd, volgens u eie ondervinding, gebeur het gedurende die lang en ongelukkige periode van onluste wat ons gehad het?

HOF : Tot nou?

MNR. BIZOS : Tot nou? — Nie in ons afdeling nie.

Was dit iets buitengewoon wat op 18 Februarie plaasgevind het? — Wel, dit was die eerste keer dat so 'n geval plaasgevind het in my tyd.

Sê u dat volgens u ondervinding was dit die enigste keer wat dit gebeur het? — In ons afdeling waar daar by 'n begraafplaas opgetree was, was dit die eerste keer gewees en die enigste keer.

Is traanrook ook gebruik deur u afdeling van die polisie om mense wat miskien by 'n onwettige vergadering byeengekom het uitmekaar te jaag? — Dit het in ons afdeling al gebeur

... / dat

dat ons samedrommings moes uiteen dryf met traanrook.

En ook een of ander optog?

HOF : Onwettige optogte? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Ek wil u nie nou vra oor u mening, of dit reg is om dit te doen of nie reg is nie, dit is vir Sy Edele om te besluit, maar is die gevolg van die gebruik van traanrook dat baie mense en veral jongmense baie kwaad word en op 'n onwettige en gewelddadige manier daarna optree nie? -- Dit is die geval van minimum geweld.

HOF : Wat bedoel u daarmee? -- Dit is die laagste graad van minimum geweld om so op te tree.

Met traanrook? -- Met traanrook.

MNR. BIZOS : Ons aanvaar dit. Dit is waarom ek aan u gestel het dat ek vra u nie om 'n mening uit te spreek nie, of dit reg of verkeerd is om traanrook te gebruik. Ek wil vir u vra volgens u getuienis of volgens u ondervinding, word mense nie baie kwaad gemaak wanneer traanrook gebruik word nie en is daar nie baie geleenthede, volgens u ondervinding, waar geweld na die gebruik van traanrook plaasgevind het teen die eiendom van mense, teen motors van mense nie? Is dit nie u ondervinding ook nie? -- Ek het die volgende ondervind, dat mense dat net so saamgeloop het en net nuuskierig was en deur traanrook aangetas was, heeltemal gekalmeer het en van die toneel af padgegee het.

Party mense? -- Die meeste mense, sal ek sê.

En die ander? -- My verdere ondervinding was dat waar ons met meer, ek wil nou nie die woord militant gebruik nie, aggressiewer mense te doen gehad het, was hulle ook meer kalm na die gebruik van traanrook.

Ek wil aan u stel dat baie mense wat die slagoffers van die gebruik van traanrook was, het daarna so kwaad geword

... / dat

dat hulle van 'n vreedsame optog oorgegaan het om geweld te gebruik? — Ek het nog nie teen 'n vreedsame optog opgetree nie.

Behalwe 18 Februarie 1985? Die buitengewone gebeurtenis van 18 Februarie? Ek wil net iets verder aan u in hierdie verband stel. Ons het gehoor van sersant Branders dat die begrafnis van die 18de 'n vreedsame begrafnis was. Sal u saamstem? — Daar is 'n sekere beperking wat ingestel word en die vreedsame mense het daar vertrek en daar was opgetree teen mense binne die bestek van die wet om hulle uitmekaar te dryf.

Is daar geen verskil, volgens u mening, tussen 'n onwettige vergadering of 'n vergadering wat onwettig geword het as gevolg van die oorskryding van die tydperk en 'n vreedsame vergadering
K313 nie? Onderskei u nie tussen onwettig en gewelddadig nie? — Ek kan net aan die Hof sê, dit was ons mening dat indien ons nie daardie groep daar uitmekaar gejaag het nie, het ons op die 18de baie probleme gehad.

Antwoord net die vraag, asseblief. Onderskei u nie tussen 'n onwettige vergadering en 'n gewelddadige vergadering nie? — Nee, daar is beslis 'n verskil.

En ek wil aan u stel dat daar miskien 'n dosyn mense geroep kan word dat u eenheid van tyd tot tyd - ek praat nie van uself nie - in die woonbuurtes traanrook gebruik het voor daar enige gewelddadige daad deur die skare gepleeg was, maar omdat volgens u mening onwettige vergaderings of onwettige optogte plaas sou gevind het? — Ek stem nie saam nie.

En die oorsprong van baie van die geweld in die woonbuurte as gevolg van die gebruik van traanrook en sambokke was om 'n wettige vergadering op te breek? — Onwettige vergaderings weet ek nou nie so veel van wat ons opgebreek het nie, maar

... / ons

ons het klipgooiende groepe opgebreek met sambokke. In 'n mindere mate met gas.

Hoe ver was die polisie toe die mense by die begraafplaas op 18 Februarie gevra was om op te breek en weg te gaan? -- Daar het een landrover met 'n luidsprekerstelsel na die begrafnisgangers gery. Ons was 'n ent weg gewees, waar die kolonel, reeds genoem, die mense gewaarsku het.

Ek wil aan u stel dat daar geen waarskuwing voor traangas op hierdie geleentheid gebruik was nie? -- 'n Landrover het met kolonel Bester in 'n hele ent, ek vermoed so 20 meter van die skare af toe hy met hulle gepraat het. Hy het by die heining van die begraafplaas gestaan. Hy het inteendeel deur die draad gery om soontoe te gaan.

Ek wil aan u stel dit was 'n klein groep wat nog besig was grond in die graf te gooi toe die traanrook gebruik was? — Dit is nie korrek nie.

Hoe laat moes daardie begrafnis klaar gewees het? — Ek is nie heeltemal seker nie, maar ek vermoed dit was 13h00 wat hy klaar moes wees. Ek is nie heeltemal seker van my tyd nie.

Hoeveel mense sal u sê was daar by die graf toe die traanrook gebruik was?

__HOF__ : Is die traanrook gebruik by die graf of is dit al 'n ent van die graf af gebruik? — Dit was eerste by die graf gebruik.

Nou is die vraag hoeveel mense was daar? — So vyfhonderd, seshonderd mense.

__MNR. BIZOS__ : Ek wil dit aan u stel, daar was tussen twintig en dertig mense? — Dit is nie korrek nie.

Dra u kennis van die feit dat dit die gewoonte by so 'n begrafnis is dat 'n klein groep mense agterbly om die laaste grond in die graf te gooi en uiteindelik is dit net 'n baie

... / klein

klein groep mense wat nodig is om klippe op die graf te plaas. Weet u daarvan? -- Dit is korrek.

Was hulle nie besig om dit te doen toe die traanrook gebruik was nie? -- Nee, ek kon nie sien wat daar in die middel gebeur het nie weens die groep mense wat daar was.

In elk geval, as hierdie deel van u getuienis reg is, kan u nie sê of die mense wat daar was nog besig was om begrawing van die oorledene te voltooi nie? -- Dit is korrek. Met veertig, vyftig sou 'n mens dit kon sien, maar met so 'n groot groep mense kon 'n mens dit nie sien nie.

U is heeltemal reg, mnr. Lekota was daar op daardie dag. Ek wil net vir u vra, hoe was hy op daardie dag geklee? -- Ek weet nie wat se broek hy aangehad het nie, maar hy het 'n UDF T-hempie aangehad asook sy maat.

U bedoel Bloem? -- Dit is korrek.

Hoeveel ander mense sou u sê het UDF hemde aangehad? -- Dit is baie moeilik om dit te sê.

Behalwe hierdie twee. Het u enige ander UDF T-hemde gesien of nie? -- Ek het beslis UDF hemde gesien.

Hoeveel? -- Wat die getal is, is onbekend en ek kan nie 'n spesifieke getal noem nie. Dit is onmoontlik om dit te sê.

Kan u sê of daar net een kleur UDF hemde was of meer as een kleur? -- Wat ek basies gesien het, is die geel hemp met die motief voor op van die UDF.

U het net op een geleentheid vir mnr. Lekota by die polisiestasie gesien en nie meer as een keer nie, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En dit was op die 18de, die eerste geleentheid? -- Dit is korrek so.

En u was daar by die begrafnis van die 21ste en kan u vir Sy Edele sê dat mnr. Lekota nie daar in 'n voor

... / posisie

posisie was nie? — Ek het hom nie persoonlik daar opgemerk nie. Of hy daar was kan ek nie sê nie.

En u kan ook aan Sy Edele die versekering gee dat u nie mnr. Lekota by die polisiestasie op die 21ste gesien het nie? -- Dit is korrek.

I am going on to the next event.

COURT : As you are going on to a different topic, are you going to put to this witness which version is correct on the banners, his version, Sergeant Branders' version or none of them?

MR BIZOS : Perhaps I can put that to him. Ek wil aan u stel dat daar 'n banier was soortgelyk aan die een wat sersant Branders genoem het, maar dit was nie "heroes" nie, maar "dead". -- Op watter datum was dit?

HOF : Dit sou dan op die 18de gewees het.

MNR. BIZOS : Op die 18de was daar 'n banier wat gesê het "We are not fighting to bury our dead", dit is die verdediging se weergawe "Yes to SRC's". Dit is die banier wat daar was? — Ek het nie die banier gesien nie.

HOF : Stel u dat daar geen ander baniere was nie?

MNR. BIZOS : Daar was geen ander baniere nie.

HOF : Daar was nie COSAS en UDF baniere wat die getuie van praat nie?

MNR. BIZOS : Dit blyk of daar drie baniere en 'n COSAS banier was.

HOF : Ja, maar nou het ons die probleem as dit klein geskryf is, die COSAS banier, het hy miskien die COSAS gesien en nie die klein skrif nie.

MR BIZOS : I am corrected. There was only one banner with these words on.

HOF : Die stelling wat die verdediging aan u maak is dat dit

... / verkeerd

verkeerd is, daar was nie UDF baniere nie, daar was nie COSAS baniere nie, daar was net een banier en die banier het opgehad soos die advokaat nou gesê het? -- Die baniere was vertoon gewees. Of daardie banier daar was, kan ek nie sê nie, want ek het dit glad nie gesien nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

JOHANNES HENDRIK VORSTER, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mag ek u net een verdere vraag vra in verband met die gebeurtenis van die 18de. As iemand sou gesê het dat daar tussen tagtig en honderd mense was by die graf van die oorledene op die 18de toe traanrook gebruik was, sou daardie getuienis reg wees in verband met die aantal mense wat daar was? -- Ek het tussen vyf- en seshonderd mense daar gesien.

As u reg is, enige persoon wat aan Sy Edele gesê het dat daar moontlik tussen tagtig en honderd mense was, sal verkeerd wees. Dit is duidelik vir die polisie dat daar 'n verskil is tussen daardie getal en die vyf- of seshonderd? -- Ek kan nie vir iemand anders praat nie, maar dit is wat ek daar gesien het.

Ek wil aan u stel dat die getuienis sal wees dat die tyd nie eers oorskry was, op die 18de nie? -- Dit is nie korrek nie.

Ons gaan nou oor na 21 Februarie 1985. Dra u enige persoonlike kennis in verband met die begrafnis, wie dit gereël het? -- Nee.

U weet nie wie die oorledene was nie? -- Nee.

Die omstandighede waaronder hy sy dood ontmoet het? -- Hy was na bewering op 11 Februarie 1985 deur die polisie noodlottig verwond.

... / Is

Is dit reg dat daar geen geweld by die graf was nie? -- Dit is korrek.

U het gesê dat daar moeilikheid daarna was? -- Dit is korrek.

Hoe lank na die begrafnis klaar was? -- Die mense het teruggekom. Baie het vreedsaam van die toneel af gekom, maar daar het 'n groep van ongeveer agthonderd in 'n groep beweeg en hulle was deur die polisie gewaarsku om uiteen te gaan.

Hoe lank na die begrafnis klaar was? -- Dit is omtrent tussen twintig minute en 'n halfuur na hulle wegbeweeg het van die begraafplaas af.

Wie het die bevel gegee dat daar traanrook gebruik moet word op hierdie geleentheid? -- Ek het die bevel gegee.

Was dit binne die woongebied waarin die mense was? -- Hulle was besig om in die woongebied in te beweeg.

Was daar mense buitekant op die pad of op die straat of buite hulle huise? -- Dit is korrek.

Wat nie na die begrafnis toe gegaan het nie? -- Dit is korrek.

En die baie mense wat van die begrafnis af teruggestap het, het seer sekerlik die aandag van die inwoners van die gebied getrek? -- Dit is korrek.

En was dit duidelik dat die groep wat in die woongebied gekom het op pad huis toe was? -- Hulle het nie die roete geneem wat hulle oorspronklik na die graf toe gegaan het nie. Ek kan nie sê of daardie groep na die oorledene se huis toe wou gaan nie.

Maar die oorspronklike roete hoe om na die begrafnis toe te gaan, was dit deur die landdros gespesifiseer? -- Dit is korrek.

Maar daar was geen roete gespesifiseer in verband met

... / die

die teruggaan van die mense nie? — Daar was nie gespesifiseer nie.

Kan u onthou hoe laat u die bevel gegee het dat traanrook gebruik moet word? -- Nee. Ek het die bevel gegee om hulle met traanrook uiteen te dryf nadat hulle ons patrollievoertuie met klippe begin bestook het.

Ek wil aan u stel dat daar geen geweld was voor die polisie traanrook gebruik het nie? -- Ek het hulle bevel gegee om uiteen te gaan en onmiddellik daarna uit die skare uit is klippe na die polisievoertuie gegooi en ek het bevel gegee om hulle uiteen te dryf.

Hoeveel klippe is na die polisievoertuig gegooi? -- Dit is onmoontlik om daardie vraag te beantwoord, want uit die skare uit het daar net klippe gekom. ꞌn Mens kan dit nie tel nie.

Het u geweet van die gewoonte dat as mense na ꞌn begrafnis gaan hulle genooi word om terug te gaan na die oorledene se huis om te was en om verversings te kry? — Dit is korrek.

Was dit nie wat die mense besig was om te doen toe die traanrookbevel gegee is nie? — Op daardie stadium was daar-die mense baie aggressief gewees en toe ek vir hulle sê om uiteen te gaan, het hulle onmiddellik begin om klippe na ons te gooi en dit was vir my baie duidelik dat hulle daarop uit was om met ons slaags te raak.

Is sambokke gebruik op die mense wat teruggekom het vanaf die begrafnis? — Dit is korrek.

Binne-in die woongebied? — Dit is korrek, maar net teen die groep wat ons teen opgetree het.

Toe die traanrook geskiet was, die mense wat in ꞌn groep was, het hulle nie links en regs begin weghardloop nie? — Dit is so.

... / Het

Het die mense wat net daar gestaan het buite hulle huise - was hulle nie ook deur die traanrook getref nie? -- Van hulle was seker geaffekteer daardeur.

Het hulle ook van links na regs huis toe probeer weghardloop? -- Ek het nie daarna gekyk nie, want ek was besig om teen hierdie groep mense op te tree.

Hoe het u manne onderskei tussen die mense wat miskien lede van die begrafnisbywoners was en inwoners wat miskien besig was om vir die gas weg te hardloop? -- Die inwoners, gewoonlik gaan hulle by hulle huise in.

Probeer die mense wat miskien oorspronklik verantwoordelik was vir die gebruik van die traanrook nie ook om binne-in ander mense se huise te gaan om hulleself te beskerm teen die sambokke? -- Op daardie spesifieke tyd was hulle net binne die woongebied waar daar baie min inwoners bly.

Ek wil aan u stel dat u manne op 'n heeltemal - wel, heeltemal onnodige geweld gebruik het teen die mense wat vanaf die begrafnis teruggekom het en ook die inwoners in daardie omgewing wat nie eers by die begrafnis was nie. -- Ons het geen onnodige geweld gebruik nie.

Ek wil dit aan u stel dat die mense wat in beheer van die begrafnis was, alles probeer het om dit op 'n vreedsame manier te hou soos die vorige begrafnis van die 18de, maar u optrede het die mense so kwaad gemaak dat dit onmoontlik was in daardie gebied om die orde te herstel? -- Dit is nie waar nie.

Is rubberkoeëls of enige ander soort van ammunisie daarna gebruik op die 21ste? -- Dit is korrek.

HOF : Net rubberkoeëls of ander ammunisie ook? -- Nee, traanrook was ook gebruik asook sambokke.

MNR. BIZOS : En rubberkoeëls? -- Dit is korrek.

... / Weet

Weet u hoeveel mense beseer was as gevolg van die optrede van die polisie op die 21ste? -- Ek kan nie nou spesifiek sê nie.

Weet u hoeveel mense ernstig beseer was wat miskien mediese behandeling nodig gehad het? -- Nee, ek het nie getalle nie.

Ons weet dat een van die persone dood is as gevolg van die polisie-optrede? -- Na bewering, ja.

Het u ooit probeer vasstel of die persoon die begrafnis bygewoon het of nie? -- Dit is onmoontlik om dit te kan vasstel.

Het u of enige ander persoon in u eenheid probeer vasstel hoeveel van die mense wat wel beseer was by die begrafnis was of nie? -- Dit is onmoontlik om dit vas te stel.

Ek wil aan u stel dat die situasie in die dorpsgebied baie vererger was as gevolg van u optrede? -- Dit is nie waar nie.

En dat heel waarskynlik as u nie die onnodige bevel vir die gebruik van traangas gegee het nie, die mense na die oorledene se huis toe sou gegaan het, hulle hande gewas het, verversings gekry het en die vrede sou nie versteur gewees het nie. Wat sê u daarvan? -- Ek stem nie saam nie.

Sê vir my, laat ons aanvaar dat wat ek aan u stel nie korrek is nie, aanvaar dit net vir die oomblik en dat daar wel klippe na die polisievoertuie gegooi was voor die traanrookbevel gegee was, kan u vir ons asseblief sê wat is die waarde van die skade wat aan die polisievoertuie op die dag veroorsaak was? -- Ek kan nie nou vir u op hierdie oomblik sê nie. Ek weet nie wat was die waarde gewees nie.

Het niemand 'n staat probeer optrek om te kyk of dit reg was dat die gebruik van traanrook en sambokke en rubber-

... / koeëls

koeëls nodig was of nie?

HOF : Is dit al wat u in die skaal moet plaas, net of daar 'n paar duike in die polisievoertuie was? Gaan dit nie om die handhawing van gesag na 'n bevel nie? Dit is tog waaroor die hele saak gaan en nie oor die duike in die polisievoertuie nie?

MNR. BIZOS : Laat ek dit so aan u stel. Is dit u mening dat as een van u bevele nie nagekom is nie, u traanrook en sambokke moet gebruik en rubberkoeëls omdat u bevel nie nagekom is nie? -- Dit hang af wat die situasie op daardie stadium is.

Was een of ander van u manne gewond op hierdie dag, die 21ste? -- Dit is korrek. Nie gewond nie. Daar was drie wat deur klippe getref was.

Het een of ander van hulle mediese behandeling gekry? -- Nee.

Ek wil dit aan u stel dat as gevolg van die optrede van u, wat wel gedoen was voor enige klippe gegooi was, die situasie so vererger het dat tot op die 27ste daar geweld was teen allerhande mense in die woongebied. Stem u saam?

HOF : 27 Februarie?

MNR. BIZOS : 27 Februarie. -- Die 27ste, op daardie dag, het ons die situasie heeltemal stil laat verloop. Niks het plaasgevind nie. Die begrafnisgangers het hande gaan was na die begrafnis en dit was so stil dat 'n monitorgroep alleen daar gesit was en ewe skielik is vyf lede van die Mag se huise gedeeltelik deur brandbomme of klippe beskadig, waar daar geen traanrook gebruik was nie, of geen optrede van die polisie se kant was nie. So, dit gee vir my 'n indikasie dat traanrook wel 'n kalmerende uitwerking op die mense gehad het.

Het u ooit gedink dat onskuldige mense en daarby bedoel ek mense wat net toeskouers was kort voor u manne hulle op

... / die

die 21ste met sambokke geslaan het en rubberkoeëls geskiet het, toe kwaad geword het en miskien geweld begin organiseer het? -- Ek stem nie saam daarmee nie.

Op die 27ste, kan u onthou of u daar 'n Audi motorkar gesien het, 'n voertuig? -- Nee, ek persoonlik nie.

Hoe ver van die graf van die oorledene was u op die 27ste? -- Op die 27ste was ek nie naby die graf of die polisie was nie naby die plek gewees nie. Inteendeel, ons was in die Swartbuurt. Ons het die begraafplaas heeltemal geïgnoreer.

HOF : Al die polisie? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Het u 'n banier gesien op die 27ste? -- Ons het 'n baie lae profiel gehou en ek kan nie heeltemal onthou of daar - ek weet nie of daar 'n banier was nie.

Het u mnr. Branders op die 27ste gesien? -- Dit is korrek.

Was hy saam met u? -- Nee, hy was nie saam met my nie.

Waar was hy? -- Hy was op 'n ander groep gewees.

Net so ver weg as wat u self was?

HOF : Die vraag is, weet u waar hy was? Was hy so ver van die graf af soos wat u was? -- Dit is korrek.

Maar weet u waar hy was? -- Hy was in die Swartwoonbuurt.

MNR. BIZOS : Was dit as gevolg van 'n besluit dat die polisie moenie sigbaar wees by die begraafplaas nie? -- Dit was my beslissing gewees.

Was dit as gevolg van die kritiek wat in die algemeen was in verband met die optrede op die 21ste? -- Nee, ek weet van geen kritiek wat ooit gelewer was nie.

Was dit u besluit of u brigadier s'n? Of u kolonel s'n? Wie se besluit was dit om van die begraafplaas af weg te bly? -- Dit was my besluit.

Was u die persoon in bevel? -- Dit is korrek.

... / Nog

Nòg u nòg geen ander lid van die polisie was van die begraafplaas af sigbaar nie? — Die persoon sal van die begraafplaas af sigbaar wees weens die ligging van die terrein.

Was dit sigbaar? — ŉ Mens moet sigbaar wees weens die ligging van die terrein van die begraafplaas af na die Swart-woongebied toe.

Ek verstaan dit nie heeltemal nie. Kan u sien of kan u nie sien nie? — Ek sê weens die ligging van die begraafplaas af, kan hulle ŉ polisievoertuig van daar af in die Swartwoon-buurt sien.

HOF : Wat is die hoogste? Die begraafplaas of die woongebied? — Die woongebied. Die begraafplaas is in ŉ vlakte.

Of in ŉ laagte? — Dit is korrek.

Dus ŉ mens kyk uit die woongebied uit op die begraafplaas af? — Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Hoe ver is die plek waar die polisie was van die begraafplaas af? — Dit is ongeveer een en ŉ half na twee kilometers toe.

Het u ŉ verkyker gehad? — Dit is korrek.

Het u die begraafplaas dopgehou? — Dit is korrek.

Met ŉ verkyker kon u mense uitken? — Nee.

Met ŉ verkyker kon u die kleur of die model van ŉ motor-voertuig uitken? — Wel, met die verkyker wat ek gehad het kon ek dit nie doen nie.

Met ŉ verkyker kon u die kleur van klein botteltjies onderskei? — Nee, ek kon nie.

Met ŉ verkyker kon u die kleur van die vloeistof wat in klein botteltjies was onderskei? — Nee.

Het enige polisiebeampte aan u as die bevelvoerder van die gebeure daar op die 27ste ŉ rapport gemaak dat die mense daar by die begraafplaas was besig om uit ŉ Audi motor

... / petrolbomme

petrolbomme te neem? -- Nie vir my nie.

Het mnr. Branders geweet dat u die persoon in bevel was? -- Dit is korrek.

HOF : Maar Branders is tog nie onluste-polisie nie? -- Basies - hy is van die veiligheidstak en hulle tree afsonderlik op.

Wie was sy onmiddellike hoof? -- Ek dink dit was adjudant-offisier Jacobs gewees.

Wie is sy hoof sê maar in daardie dorp? — Dit is adjudant-offisier Jacobs.

MNR. BIZOS : Alhoewel die veiligheidspolisie miskien 'n ander tak is, in 'n onlussituasie waar daar miskien petrolbomme uitgedeel is aan jong mense, wie sou verantwoordelik wees om die onluste te probeer keer? Die onlus-eenheid of die veiligheidspolisie of albei? -- Die onlus-eenheid is die oorkoepelende eenheid ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Is dit iets wat welbekend is? -- Dit is korrek.

Dit is welbekend ten minste aan 'n sersant van die veiligheidspolisie?-- Dit is korrek.

Hoe sou u opgetree het as - in elk geval dit is irrelevant. Hoe lank na die begrafnis klaar was, het geweld uitgebreek op die 27ste? -- Ongeveer 14h15 is die huise van hierdie Swartlede aangeval.

En hoe laat was die begrafnis klaar? -- Die begrafnis was ongeveer 12h00 klaar.

Ons was gesê dit was kort na 11h00, maar in elk geval, dit is 'n aantal ure na die begrafnis wat die geweld uitgebreek het? -- Dit is korrek.

Is traanrook en sambokke gebruik in die dorpsgebied, nie by die begraafplaas nie, gedurende die dag?

HOF : Dit is nou die 27ste?

MNR. BIZOS: Die 27ste. -- Dit is korrek.

... / Hoe

Hoe laat was dit? — Dit was na die polisiewonings afgebrand het. Toe was daar weer 'n algehele klipgooiery waar ons opgetree het.

In u hoofgetuienis het u melding gemaak van ongeveer driehonderd mense wat klippe begin gooi het en daarna het u melding gemaak van petrolbomme. Was die groep mense deur die polisie getref voor die petrolbomme gebruik was? — Dit was tydens die optrede teen hierdie mense.

Nee, wat ons wil weet is, het u traanrook gebruik na die polisiehuise aangeval was of voor dit? — Dit is na dit.

My Lord, is Your Lordship's note that it is before?

COURT : I will read you my note. Op 27 Februarie 1985 is hy begrawe in die Swartgebied. Ek het diens gedoen daar. Voëlrekkers word uitgedeel aan aanwesiges en asblikdeksels. Omtrent almal behalwe ongeveer driehonderd het vreedsaam uiteen gegaan. Die driehonderd het die woongebied ingekom. Ons stop hulle. Hulle gooi met klippe. Ons tree op. Twee petrolbomme is gegooi, maar dit het nie ontplof nie. Later die dag het ek 'n monitorgroep in die gebied gehad. Skielik is ongeveer vyf polisiehuise ongeveer gelyktydig aangeval met brandbomme en klippe en ernstig beskadig. Dit was toe weer stil. Ek het toe onttrek.

MNR. BIZOS : Wel, dit lyk of my nota min of meer korrek was dat u opgetree het voor die polisie? — Dit is korrek. My vorige hoofgetuienis is die korrekte getuienis.

Waar was die driehonderd mense wat u sê u aangeval het en u traanrook gebruik het voor die polisiehuise aangeval was? — Dit was 'n groep wat van die begraafplaas af, die meeste van die begrafnisgangers het vreedsaam uitmekaar gegaan en toe het daar later van 'n kant af ongeveer driehonderd Swartes opgemarsjeer gekom, waar ons toe teen hulle opgetree

... / het

het.

Hoe laat was dit? -- Dit was na die begrafnis.

Hoe lank na die begrafnis? -- Dit was omtrent so 'n halfuur na die begrafnis.

Watter dag van die week was dit? Dit is die 27ste? -- Nee, ek kan dit nie nou onthou nie.

HOF : Kan ek nou net duidelikheid kry. Was daar dan nadat die polisiewonings afgebrand is nie 'n algemene klipgooiery nie? -- Nee.

Die algemene klipgooiery was by die driehonderd? -- Dit is korrek. Dit was voor die tyd gewees en na die tyd, na die wonings afgebrand het, het dit heeltemal stil geraak.

MNR. BIZOS : Dra u kennis of enige persone gearresteer was op die 27ste? -- Dit is korrek. Daar was persone gearresteer.

Was dit u tak of nie? -- Dit was lede van die speurtak wat hierdie mense gearresteer het.

Was enige persone wat deel gevorm het van die driehonderd gearresteer op hierdie dag? -- Nee, ek sal dit nie kan sê nie.

En u het geen inligting in verband met die identiteit van enige van die persone wat beweer word verantwoordelik was vir die aanval op die polisiehuise nie? -- Ek persoonlik het nie die ondersoek gedoen nie. Ek dra nie kennis van die identiteit van die mense nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Kaptein, op 'n vraag van My Geleerde Vriend, mnr. Bizos, het u gesê op 15 Julie 1984 toe u in Tumahole begin optree het, het u nie 'n verklaring gemaak kort na daardie dag nie. Onthou u? -- Dit is korrek.

Sit u wel verslae in na insidente? -- Dit is daarom wat ek vir die advokaat vir die verdediging gesê het dit is moeilik om vas te stel wanneer ek dit doen, want net na 'n aangeleentheid plaasgevind het, sit ek altyd 'n verklaring in

... / ten

ten opsigte van die betrokke aangeleentheid, wat later aangevul kan word.

Is dit in die vorm van 'n getuieverklaring of meer in die vorm van verslae, van 'n verslag wat u insit? — Dit is meer in die vorm van 'n verslag wat ek dit insit.

Ek het al gehoor van situasierapporte of situasieverslae, is dit waarna u verwys of is dit weer iets anders? — Ja, sodra 'n situasie - nee, dit is nie dieselfde nie. Die situasieverslae is goed wat daagliks ingaan wat nie deur my gedoen word nie.

Wie doen dit? — Dit word deur die diensoffisier van die gebied waarin die onluste plaasvind of die oproer plaasvind gedoen.

Terwyl ons op hierdie aspek is, My Geleerde Vriend het ook aan u gevra of u sekere rapporte ontvang het op 27 Februarie. Het u - ek neem aan u het radioverbinding terwyl u opereer? — Dit is korrek.

Is die veiligheidstak wat saam met u in 'n sekere gebied opereer se radio op dieselfde golflengte of opereer hulle op 'n aparte golflengte? — Al opereer - die meeste van die tyd het hulle nie dieselfde radiostelsel as ons nie, maar ons kan in radiokontak met hulle kom deur middel van beheersentrum.

As u nie van die herleisentrum gebruik maak nie, kan u op u radio nie hoor wat gebeur op die radio's van die veiligheidstak nie? — Nee.

Dan verwysende na die begrafnis van 18 Februarie 1985 in Seeisoville waar die tyd van die begrafnis oorskry is wat deur die landdros bepaal is, weet u met hoe lank die tyd oorskry is, die vasgestelde tyd voordat u opgetree het? — Nee, ek weet nie.

... / Dan

Dan verwysende na die begrafnis van 21 Februarie 1985 te Seeisoville, het u op 'n vraag van My Geleerde Vriend gesê dit is onmoontlik om vas te stel welke beseerdes as gevolg van polisie-optrede begrafnisgangers was? -- Dit is korrek.

Waarom sê u dit is onmoontlik?-- Hulle sal glad nie self beken dat hulle begrafnisgangers was nie en om dit uit ander getuies te kry op hierdie stadium weens die intimidasie sal 'n mens daardie inligting ook nie kry nie.

Bespiegel unet of was dit inderdaad u ondervinding? -- Dit is die ondervinding wat 'n mens het van so 'n aangeleentheid.

Dan laastens verwysende na die begrafnis op 27 Februarie 1985 in Seeisoville. Hoekom het u besluit om daardie dag nie by die begraafplaas self teenwoordig te wees nie? Is daar enige rede voor? -- Die begrafnisgangers het hulle baie stil gedra na die begraafplaas toe en daarom het ons heeltemal weggebly.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-13-100**
*Document Title:-* **Vol 100 p 4892-4944. Witness: Vorster**